No 4 DIE GROOT 5 KANKERS WAT MANS IN SA AFFEKTEER

KAPOSI SARKOOM

DIT WORD BERAAM DAT 1 IN 315 SUID-AFRIKAANSE MANS KAPOSI SARKOOM SAL ONTWIKKEL

SIMPTOME

- Kaposi sarkoom (KS) is 'n kanker wat die groei van abnormale weefsel onder die vel, in die voering van die mond, neus en keel of in ander organe veroorsaak
- Voor die MIV / vigs-epidemie, het KS gewoonlik stadig ontwikkel
- In MIV / vigspasiënte, ontwikkel die siekte vinniger
- Velletsels is gewoonlik die eerste simptoom
- Behandeling vir MIV self kan die letsels laat krimp

SIFTING

Om seker te maak of 'n letsel deur KS veroorsaak word, sal die dokter 'n biopsie doen deur 'n klein monster velweefsel uit die letsel te neem en na 'n laboratorium stuur vir analise

BEHANDELING EN PROGNOSE

- Behandeling van Kaposi Sarkoom kan bemoeilik word weens die immuunonderdrukte toestand van baie mense wat geaffekteer is
- Die dokter sal behandeling baseer op die pasiënt se algemene gesondheid sowel as waar, hoeveel en hoe uitgebreid die letsels is
- Vir mense met VIGS word teen-MIV medikasie gebruik teen die virus. Dit kan die persoon se algemene gesondheid verbeter en help om die Kaposi Sarkoom te behandel
- Vooruitsigte vir Kaposi sarkoom hang af van die vorm van die siekte
- Omtrent een derde van mense met klassieke Kaposi sarkoom ontwikkel 'n ander tipe kanker, wat fataal kan wees

Tolvry 0800 22 66 22
www.cansa.org.za

CANSA
Cancer Association of South Africa
Research • Educate • Support

VERLAAG JOU KANKER RISIKO

'n Persoon kan die risiko verlaag deur die bekende risiko faktore vir MIV te vermy:

- Vermy riskante seksuele praktyke soos om onbeskermde seks te hê
- Vermy binne-aarse naalde wat deur iemand anders gebruik is